Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
NOVEMBER 2025

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

BRANDSEISOENWAARSKUWING!

Bly veilig. Wees waaksaam.

Dit lyk asof die winter ten einde laas die wyk geneem het. Die dae word langer, die son skyn en daar's skaars 'n wolkie in die lug.

Ongelukkig is daar een weerelement wat hardnekkig weier om die wyk te neem: die wind. Dit mag weliswaar van rigting verander het, maar dit is nog net so wispelturig.

In die somermaande het die heersende suidooster 'n neiging om uit die bloute te stoot. Dié wind mag dalk binne 'n oogwink bedaar, of dit kan besluit om vir dae aaneen te tier. Aangesien somer die "droë" seisoen in die Kaap is, is die inheemse plantegroei in en om ons woongebiede geneig tot uitdorring en, tesame met die plantreste wat noodwendig mettertyd opbou, is dié lotjie hoogs vatbaar vir wegholbrande.

Net 'n enkele vonkie is genoeg vir 'n suidooster om 'n vuur aan te blaas. Seer seker hoef ons niemand te herinner aan hoe vernietigend hierdie wegholbrande kan wees nie. Nietemin, wanneer die brandseisoen 'n aanvang neem, herinner ons inwoners soos gebruiklik om seker te maak dat die nodige voorkomende stappe geneem word om hul eiendomme te beveilig en doen ons weereens 'n beroep op almal om vir die duur van die brandseisoen op hul hoede te bly.

WEES PROAKTIEF

Op jou eiendom:

- Sny oorhangende boomtakke terug.
- Verwyder verdroogde struike en enige ander plantreste.
- Maak die geute skoon.
- Raak ontslae van onnodige rommel.

As jou eiendom naby 'n onbeboude area geleë is of daaraan grens, is dit raadsaam om 'n buffersone te bewerkstellig: Skep 'n brandweerstandige baan deur alle vlambare struike langs die grense van jou eiendom te verwyder en deur die grasperk so kort as moontlik te hou.

In die opelug:

- Braai net in aangewese areas.
- Moet nooit 'n oop vuur onbewaak laat nie en maak seker dat die kole of as behoorlik geblus is vóór jy vertrek.
- Raak altyd op 'n verantwoordelike wyse van stompies ontslae: Om hulle by die motor se venster uit te skiet of in fynbos of ander plantegroei is uiters onverantwoordelik.
- Moenie ***enigiets*** op sypaadjies of onbeboude erwe stort nie: Dit is nie net onwettig nie, maar is ook olie op 'n wegholbrand se vuur.

OM LEWENS EN HUISE TE BESKERM, IS ALMAL SE VERANTWOORDELIKHEID

Selfs al gaan Munisipaliteit Overstrand uit sy pad om elke moontlike voorsorgmaatreël ter voorbereiding vir die brandseisoen te tref en om, in medewerking met sy vennote (goFPA, Overbergdistriks-munisipaliteit, CapeNature), sy allerbeste te doen om veldbrande oral in die distrik te bestuur, is alles van nul en gener waarde as inwoners nie hul samewerking gee nie. Ons doen nie net 'n beroep op jou om jou eie eiendom te beveilig nie, maar om ook ekstra waaksaam te wees.

As jy enige tekens van rook of 'n brand sien, bel brandweer-en-redding onmiddellik by **028 312 2400.** Vroeë rapportering kan 'n hemelsbreë verskil maak.

In geval van 'n brand is dit uiters noodsaaklik dat noodvoertuie onmiddellik en onbelemmerd toegang kan verkry. Hou die paaie oop deur onnodige ritte in die omstreke van aktiewe brandsones te vermy en moenie jou aan "agie"-gedrag skuldig maak tydens 'n opruimingsoperasie nie.

Kortom, die uitkoms van die 2025/26-brandseisoen hang af van die vlak van samewerking. Doen asseblief jou deel.

Neville Michaels

ONS SALUEER U

29 Julie 1967 – 6 Oktober 2025

Die nuus van ons voormalige kollega, Neville Michaels, se dood is met groot hartseer begroet. Neville het in Desember 2008 as direkteur: beskermingsdienste (deesdae bekend as munisipale openbare veiligheid) by die munisipaliteit aangesluit en het tot en met sy ontydige dood in daardie pos gedien.

Ter erkenning van sy merkwaardige leierskap as 'n amptenaar wat die publiek waarlik van diens was, het bykans almal wat in die normale gang van sake in 'n uniform vir werk aanmeld – wetstoepassers, verkeersbeamptes, brand-bestryders, sekuriteitspersoneel – op 9 Oktober opgedaag om sy lewe op 'n hartroerende wyse te vier.

Twee dae later toe Neville op die 11de te ruste gelê is, was hulle weer daar – maar hierdie keer in volle regalia.

> **"U nalatingskap sal vir altyd voortleef, meneer, en ons sal u met geneentheid maar veral met hope respek onthou. Rus in vrede."**

DAAR'S 'N *CHAMP* IN ONS MIDDE! Kolunga Ndleleni het nie net sy 4de opeenvolgende nasionale goue medalje verdien nie, maar is ook aangewys as die Beste Bokser van die Toernooi by SANABO se 2025 kampioenskapstoernooi vir kadette en juniors! Uitvoerende Burgemeester Archie Klaas was vol lof vir die seuns en meisies wat deur Mzi Damesi by die Overstrand Whale Boxing Club in Zwelihle afgerig word: "Julle spanprestasie strek hierdie streek tot eer, en ons is bitter trots op die uitnemende prestasies wat julle behaal het. Welgedaan almal!"

Ondersteuners van die **HERMANUSBIBLIOTEEK** sal in hul noppies wees om te hoor dat hul geliefde biblioteek welverdiende erkenning ontvang het omdat hulle alle verwagtinge ten opsigte van dienslewering, vernuwing en gemeenskapsbetrokkenheid oortref het.

Jul gunsteling biblioteek is pas as die Wes-Kaapse **Openbare Biblioteek van die Jaar** bekroon!

Die Wes-Kaapse direktoraat van kultuursake verleen elke jaar erkenning aan daardie openbare biblioteke wat 'n buitengewone bydrae tot die ontwikkeling van lees- en literêre vaardighede gelewer het en tegelyk ook digitale geletterdheid bevorder.

Wat beslis ook nie gering geskat moet word nie, is die erkenning wat aan die span by die **Hawstonbiblioteek** verleen is vir hul substansiële bydrae tot die ontwikkeling van lees- en literêre vaardighede (1ste plek) en die wesenlike impak wat hul uitreikprogramme op die gemeenskap gehad het (2de plek).

Uitvoerende Burgemeester Archie Klaas het sy hartlike dank teenoor elke bibliotekaris in die Overstrand uitgespreek: "Julle maak nie net 'n betekenisvolle verskil in mense se lewens deur hulle aan te moedig om 'n ongelooflike ontdekkingsreis aan te pak nie, maar julle begelei hulle boonop al die pad. Wees gerus: Jul passie en toewyding gaan nie ongemerk verby nie."

Daar om in die jeuglike oomblik te deel was die munisipale bestuurder, dr. Dean O'Neill (middel) met Aron Gcotyelwa as verteenwoordiger van Overstrand se direktoraat: gemeenskapsdienste en rdl. Ronald Nutt as burgemeesterskomiteelid vir gemeenskapsdienste tesame met senior bibliotekarisse Belinda May (links) en Edna van der Linde (regs).

WAAROM JY **BELANG** BY **OVERSTRAND SE GOP** HET

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (afgekort as GOP) is Munisipaliteit Overstrand se meesterplan vir ontwikkeling in die loop van die Raad se vyfjaar-termyn. Dit bied 'n uiteensetting van die sleutelprioriteite, -doelwitte en -projekte vir **'n munisipale gebied** en help om as 'n gids te dien vir al die werk wat deur die munisipaliteit verrig word sodat inwoners 'n beter lewe kan hê.

Die GOP word jaarliks binne die vyfjaar-siklus hersien, en die 2026/27-hersiening is tans aan die gang.

Die GOP kyk na maatskaplike, ekonomiese en omgewingsbehoeftes en sorg dat verskillende departemente op 'n gekoördineerde wyse saam daaraan werk om aan hierdie behoeftes te voldoen. Allerbelangrik is dat die plan insette van die **gemeenskap en wykskomitees** insluit om sodoende te verseker dat dié plan afgestem is op die ware behoeftes van die mense wat in 'n spesifieke gebied woon.

Dink aan die GOP as Overstrand se padkaart – dit wys waaraan ons nou werk en wat ons in die vooruitsig stel. Dit is belangrik omdat dit 'n impak op jou alledaagse lewe het: jou **woonbuurt/wyk**, jou veiligheid, jou besigheid, jou omgewing en jou gesin se welstand.

In hierdie plan kan jy sien waar nuwe paaie en parke in jou omstreke in die vooruitsig gestel word, hoe daar te werk gegaan word om onwettige storting stop te sit, en wat gedoen gaan word om te sorg dat gemeenskappe 'n veiliger en gesonder bestaan kan voer.

Kortom, die GOP is ons gedeelde visie vir Overstrand: 'n Plan vir 'n veilige, skoon, goedbestuurde en florerende munisipaliteit wat almal wat hier woon tot voordeel strek.

Juis daarom is wykskomiteevergaderings so belangrik. In hierdie verband, sorg dat die regte mense op die komitee dien – mense wat aangeleenthede van belang in jou area onder die munisipaliteit se aandag kan bring en na behore terugvoer kan gee oor hoe daar van die prioriteite in jou woongebied werkgemaak word.

Neem deel aan November 2025 se wykskomiteevergaderings want dit is by hier waar die publiek 'n geleentheid gegun word om kommentaar te lewer op die prioriteite wat vir hulle wyk in die hersiene konsep-GOP vir die volgende boekjaar (2026/27) geïdentifiseer is. Die datums van die vergaderings sal in die plaaslike media bekend gemaak word en sal op die munisipale webtuiste onder *Ward Maps & Info* beskikbaar wees.

Om insae in ons visie en sleutelfokusareas te verkry, laai die volledige GOP-dokument af via die munisipale webtuiste www.overstrand.gov.za > *Documents* > *IDP*.

GESTRANDE SEEDIERE

BLY OP 'N AFSTAND, NEEM WAAR EN RAPPORTEER

Overstrand is geseënd met 'n wye verskeidenheid seediere wat langs ons kus voorkom. Soms kom hierdie diere aan land sodat hulle net vir 'n rukkie hul kragte kan herwin. Daar is ook gevalle waar hulle noodgedwonge aan land moet kom omdat hulle beseer of siek is of in nood verkeer. Die waarskynlikheid bestaan dus dat iemand wat langs een van ons strande stap op 'n seedier gaan afkom.

Indien jy op 'n seedier sou afkom, neem asseblief die volgende advies ter harte, nie net terwille van jou eie veiligheid nie maar ook terwille van die dier se kans op oorlewing:

- **MOENIE DIE DIER NADER NIE**
  Sommige gestrande diere mag dalk weens 'n besering of 'n siekte in pyn verkeer, en sommige is berug daarvoor dat hulle byt.
- **MOENIE INMENG NIE**
  Moet nooit, ooit probeer om die dier weer in die branders te stoot nie. Sulke pogings kan meer skade as goed doen want selfs om te probeer om die dier "nat te gooi", kan 'n vrekte tot gevolg hê.
- **NEEM WAAR VAN 'N VEILIGE AFSTAND**
  - Is die dier ooglopend beseer of verstrengel?
  - Lyk dit asof die dier op-en-wakker is, of is daar geen tekens van lewe nie?
- **RAPPORTEER**

Aangesien die munisipaliteit op 'n gekoördineerde wyse in medewerking met 'n hele verskeidenheid organisasies op aanmeldings van gestrande seediere reageer, is die volgende uiters noodsaaklik:

- Beskryf alles wat jy waargeneem het so akkuraat as moontlik.
- Stuur 'n "pin" van die ligging of beskryf die naaste toegangspunt tot die strand.
- Heg duidelike foto's van die dier se kop en lyf aan indien moontlik.

Om 'n waarneming te rapporteer, stel ons voor dat jy jou heel eerste tot CapeNature of die DFFE (departement van bosbou, visserye en die omgewing) wend vir 'n spoedige reaksie. In die geval van seevoëls (ingeslote pikkewyne en dalk ook hier en daar 'n seeskilpad) kan jy oorweeg om ook die African Penguin & Seabird Sanctuary (APSS) of SANCCOB (Rooiels-area) te kontak.

- **Cape Nature 087 087 9262**
- **DFFE 086 111 2468**
- **APSS 072 598 7117**
- **SANCCOB 078 638 3731**

As 'n alternatief kan jy ook die waarneming via Overstrand se Citizen-toep rapporteer (klik bloot op die *Stranded Marine Animals*-ikoon) of jou tot plaaslike vrywilligers (d.w.s. die Overstrand Stranding Network) wend by 082 746 5579. Daar is natuurlik ook die opsie om die munisipaliteit se 24/7-kontaksentrum by 028 313 8111 te bel.

Jou hulp as 'n lid van die publiek is van kritieke belang: Rapporteer waargenome gestrande seediere asseblief so gou as moontlik want hoe gouer ons die regte span inroep, hoe beter is die dier se kans op oorlewing.

** Neem asseblief kennis dat die verwydering van karkasse langs die kus uitsluitlik by die DFFE berus aangesien plaaslike owerhede nie gemandateer of toegerus is om hierdie taak te behartig nie. Die munisipaliteit sal egter waar nodig hulp verleen.*

IN DIE MAANDE WAT VOORLÊ, WEES HIERDIE "OU BEKENDES" EN "UITLANDERS" TE WAGTE

- **KAAPSE PELSROBBE/ SEELEEUS**

Robbetjies deurleef tans die speningseisoen wat beteken dat hulle nou moet leer om self te vreet. Dit is dus te verwagte dat hulle soms aan land moet kom om 'n bietjie te rus, veral nadat hulle rowwe seetoestande tydens 'n storm moes trotseer. Terselfdertyd is dit robbe se paringseisoen waar die manne moet baklei om hul gebied te beskerm. Ook hulle moet so dan en wan 'n bietjie asem skep. As jy dus tussen November en Mei 'n rob raakloop, moenie onnodig bekommerd wees nie. As die rob rustig lê, klaarblyklik op-en-wakker is en as daar geen ooglopende wonde is nie, gun die dier 'n kansie om te dut.

- **PASUITGEBROEIDE WATERSKILPAADJIES**

Alhoewel hulle nie langs Overstrand se kuslyn broei nie, is dit nie ongehoord vir 'n broeiling om ná 'n hewige storm elders langs die kus op een van ons strande te beland nie. Gestrande seeskilpaaie is die uitsondering op die reël: In hierdie geval moet jy inmeng. As jy 'n seeskilpad op die strand raakloop, plaas dit sagkens in 'n plastiekbadjie wat met 'n droë handdoek uitgevoer is. Moet dit nie benat, was of voer nie, en sorg dat dit buite bereik van die son en die wind gehou word.

Stel CapeNature of die DFFE onmiddellik in kennis of rapporteer jou "fonds" via Overstrand se Citizen-toep. Die naaste seeskilpadreddingspan (waarskynlik APSS) sal in kennis gestel word en dié span sal jou met verdere instruksies kontak.